

Mediaverklaring

SOS vereer rolspeleers in die onderwys

2019-06-11

Die Skoleondersteuningsentrum (SOS) het tydens hul onderwyserskongres Woensdag verskeie persone vereer wat 'n merkwaardige bydrae wat hulle gelewer het tot die Afrikaanse onderwys. Ongeveer 400 onderwysers van meer as 80 skole het vanjaar die SOS se kongres in Gauteng bygewoon.

“Dit is vir die SOS belangrik om harde werk en deursettingsvermoë te vereer. Daarom sonder ons graag vandag etlike individue uit vir hulle besondere bydrae tot die behoud en bevordering van Afrikaanse onderwys,” sê dr. Danie Brink, hoof van die SOS.

Johan Koekemoer, hoof van die Vereniging vir Afrikaanse Wiskunde-onderwysers (VAW), het 'n toekenning aan Theresa Buys, Wiskunde-onderwyser aan Klerksdorp Hoërskool oorhandig vir haar bydrae tot die opvoeding van wêreldgehalte wiskundiges. “Vir amper 30jaar bedien juffrou Buys ons kinders. 'n Legio van hulle het sêlf al die wêreld bietjies-bietjies 'n beter plek gemaak. Een van ons 2008 matriekgroep is vandag hier met sy PhD in statistiek,” sê Koekemoer.

Advokaat Albert Lamey het 'n eretoekenning ontvang vir sy besondere bydrae tot die bevordering van Afrikaanse skole se regte. Adv. Lamey het onder meer die Hoërskool Overvaal verteenwoordig in die skool se hofspraak teen die Gautengse Departement van Onderwys, toe die departement die skool in 2018 wou dwing om 55 Engelse leerders in te neem. Die hof het in die guns van die Hoërskool Overvaal bevind. Lamey is ook die beheerliggaamvoorsitter van die Afrikaans Hoër Meisieskool in Pretoria.

“Die voortbestaan van Afrikaanse skole is tot 'n groot mate te danke aan Lamey se waardevolle advies aan skole en organisasies soos die SOS,” sê Melanie Buys, hoof van ontwikkeling aan die SOS. “Adv. Lamey se hart is by ons skole en hy deel sy besondere kundigheid sonder om te meet en te tel of op sy horlosie te kyk.”

Prof. Gerrit Stols, hoof van onderwys-innovasie aan die Universiteit van Pretoria, het 'n toekenning ontvang vir sy besondere bydrae tot Wiskunde-onderwys in Afrikaans.

Dr. Danie Brink het ook 'n ere-toekenning oorhandig aan sy mentor Chalky Sommerville. Sommerville hou reeds sedert 1979 skool by Pretoria Boys High School en was die hoof van die



012 612 0234



admin@skole.co.za



Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion

Wiskunde-departement to Brink in 1994 daar begin skoolgee het. “Chalky is die persoon wat my lus en lief gemaak het vir professionele ontwikkeling,” sê Brink.

Prof. Gerrit Stols is beskikbaar vir 'n telefoniese onderhoud by: 082 415 7583

Theresa Buys na 13:00 kan bereik word by: 083 208 6344.



012 612 0234



admin@skole.co.za



Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion

www.skole.co.za

